**Munisipaliteit Beaufort-Wes**

**Kennisgewing nr. 60/2004**

Die Raad van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes publiseer die onderstaande Verordening insake Strate vir algemene kennisname

# VERORDENING INSAKE STRATE

## INLEIDING

**AANGESIEN** die Munisipaliteit van Beaufort-Wes ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) wetgewende bevoegdheid het

**EN AANGESIEN** die Munisipaliteit die reg het om aangeleenthede met betrekking tot die strate in sy jurisdiksie gebied te reël en reguleer,

Verorden die Munisipaliteit van Beaufort-Wes soos volg –

**1.** In hierdie verordening, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken -

**"Raad"** die munisipale raad van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes, of enige politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid, of amptenaar van die Raad, aan wie 'n bevoegdheid of plig ingevolge die bepalings van hierdie verordening gedelegeer of gesubdelegeer is;

**"straat"** enige straat, pad, hoofweg, deurgang, laning, voetpad, sypaadjie, gang, brug en enige ander plek van soorgelyke aard en omvat dit, behalwe waar dit uit die sinsverband anders blyk, 'n straat- of padreserwe;

**"sypaadjie"** die gedeelte van 'n straat tussen die buitegrens van die ryvlak en die grenslyne van aanliggende eiendomme of geboue wat bedoel is vir die gebruik van voetgangers, en

**"voertuig"** enige apparaat met wiele of rusperbande en sluit dit sleepwaens, waens wat deur diere getrek word en winkeltrollies in.

**2. Sypaadjies en oorskrydings op strate**

Niemand mag -

(a) 'n sypaadjie in 'n straat bou of aanlê nie -

(i) behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad , en
(ii) behalwe in ooreenstemming met die vereistes wat die Raad bepaal, of

(b) behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, 'n veranda, stoep, muur op 'n stoep, trappies of ander uitsteeksel bou of 'n paal oprig in 'n straat nie.

**3. Advertensies in strate**

Niemand mag 'n advertensie, pamflet, aanplakbiljet, plakkaat of biljet in 'n straat vertoon of uitdeel nie -

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, en

(b) behalwe in ooreenstemming met die voorwaardes wat die Raad stel.

**4. Diere of voorwerpe wat 'n versperring veroorsaak**

Niemand mag -

(a) goedere of artikels in 'n straat neersit of laat bly nie, behalwe vir 'n redelike tydperk terwyl dit op- of afgelaai of verwyder word, of

(b) op enige wyse die voetgangerverkeer op 'n sypaadjie belemmer deur enige voorwerp of voertuig (uitgesonderd 'n kinderwaentjie of rolstoel wat vir die vervoer van kinders of gestremdes gebruik word) daarop te bring of toe te laat dat dit daarop gebring word nie, of

(c) 'n blinding, skerm, tou of ander voorwerp oor of op 'n straat laat uitsteek of toelaat dat dit daaroor of daarop uitsteek nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad en in ooreenstemming met die voorwaardes wat die Raad stel.

**5. Bome in strate**

(1) Niemand mag -

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, 'n boom of struik in 'n straat plant, of dit op enige wyse in 'n straat afkap of daarvandaan verwyder nie;
(b) in 'n boom klim wat in 'n straat groei, of dit breek of beskadig nie; of
(c) 'n boom wat in 'n straat groei, op enige wyse merk of beskilder of 'n advertensie daarop aanbring nie.

(2) 'n Boom of struik wat in 'n straat geplant word, word die eiendom van die Raad.

**6. Bome wat 'n hindernis of versperring veroorsaak**

(1) Wanneer daar ook al op 'n eiendom 'n boom of ander gewas is wat oorhoofse drade belemmer of wat ergernis, gevaar of ongerief veroorsaak vir persone wat 'n straat gebruik, kan die Raad by skriftelike kennisgewing die eienaar of okkupeerder van sodanige eiendom gelas om sodanige boom of gewas te snoei of te verwyder in die mate en binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing bepaal word.

(2) Iedereen wat in gebreke bly om te voldoen aan 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) uitgereik word, is skuldig aan 'n misdryf.

(3) Indien iemand versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel, kan die Raad self die boom of gewas snoei of verwyder op koste van die persoon aan wie die kennisgewing beteken is.

**7. Vullis, motorvoertuigwrakke, afvalmateriaal, ens.**

Niemand mag -

(a) enige tuinvullis, motorvoertuigwrakke, onderdele van voertuie, bou- of afvalmateriaal, rommel of ander afvalstowwe in enige straat stort of laat lê of ophoop nie.

(b) toelaat dat sodanige voorwerpe of stowwe vanaf 'n perseel waarvan hy die eienaar of okkupeerder is, in 'n straat gestort of geplaas word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad en behalwe in ooreenstemming met die voorwaardes wat die Raad stel.

**8. Verbod op sekere werksaamhede in verband met voorwerpe in strate.**

Niemand mag in 'n straat -

(a) 'n voertuig herstel nie, behalwe waar dit nodig is om sodanige voertuig te kan verwyder van die plek waar dit onklaar geraak het of in 'n ongeluk betrokke was, of

(b) 'n voertuig skoonmaak of 'n ander artikel of voorwerp was, skoonmaak, droogmaak of bleik nie.

**9. Verbod op speletjies en ander handelinge in strate**

Niemand mag -

(a) in, op of oor 'n straat 'n hoepel rol, 'n vlieër oplaat, met 'n pyl en boog of 'n rekker skiet, vuurwerk afskiet of 'n klip, stok of ander werptuig gooi nie, of

(b) enigiets in 'n straat doen wat die lewe of veiligheid van 'n persoon, dier of ding in gevaar kan stel of 'n oorlas, belemmering of ergernis vir die publiek kan wees nie.

**10. Gebruik van springstowwe**

Niemand mag in 'n straat springstowwe gebruik of skietwerk uitvoer nie -

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, en

(b) behalwe in ooreenstemming met die voorwaardes wat die Raad stel.

**11. Vervoer van karkasse van diere of ander afvalstowwe deur strate**

Niemand mag die karkas van 'n dier of afval, nagvuil, vullis, rommel, vuilgoed of mis deur 'n straat dra of vervoer nie -

(a) tensy dit behoorlik bedek is, en

(b) tensy dit in so 'n tipe houer vervoer word dat aanstootlike vloeistowwe of dele van die vrag nie in die straat gestort word nie.

**12. Heinings op straatgrense**

Behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, mag niemand 'n doringdraadheining of ander gevaarlike heining op die grens van 'n straat oprig nie.

**13. Boumateriaal in strate**

Behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, mag niemand -

(a) in 'n straat klip, sand, sement of enige boumateriaal sif of meng nie, en

(b) in 'n straat boumateriaal opberg of plaas of boumateriaal, gemeng of ongemeng, oor 'n straat vervoer op so 'n wyse dat die straat beskadig kan word nie.

**14. Balkonne en verandas**

Behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad mag niemand'n balkon of veranda wat verby die grenslyn van 'n straat opgerig is, gebruik vir die doel van handeldryf of die opberg van goedere, of vir die was of droog van klere daarop nie.

**15. Droogmaak van wasgoed op heinings op grense van strate**

Niemand mag wasgoed op 'n heining op die grens van 'n straat droogmaak of dit daaroor hang nie.

**16. Uitspan in strate**

Niemand mag 'n voertuig wat deur diere getrek word, in 'n straat uitspan of laat uitspan, of enige sleepwa, woonwa of voertuig wat nie selfaangedrewe is, in 'n straat afhaak of laat staan nie; met dien verstande dat die bepaling nie van toepassing is op die werklike op- of aflaai van sodanige voertuig nie.

**17. Beskerming van straatoppervlak**

(1) Niemand mag -

(a) 'n voertuig in 'n straat gebruik of toelaat dat dit daarin gebruik word indien sodanige voertuig in so 'n gebrekkige toestand is dat dit skade aan 'n straat sal veroorsaak of moontlik sal veroorsaak nie, en
(b) enige voorwerp, masjien of ander materiaal deur of langs 'n straat bestuur, stoot, rol, trek of laat voortbeweeg op so 'n wyse, of terwyl sodanige voorwerp, masjien of materiaal in so 'n toestand is, dat die oppervlak van die straat op enige wyse daardeur beskadig, gebreek of vernietig kan word nie.
(c) toelaat dat enige materiaal of stof, hetsy in vaste of vloeibare vorm, van 'n voertuig val of ontsnap en sodoende skade aan 'n straat veroorsaak of moontlik sal veroorsaak nie.

(2) Indien die Raad 'n persoon identifiseer wat as gevolg van die handelinge in subartikel (1) vermeld die oppervlak van 'n straat beskadig, gebreek, bevlek of vernietig het, kan die herstelkoste, soos deur die Raad vasgestel, op die oortreder verhaal word.

(3) Niemand behalwe 'n gemagtigde amtpenaar van die Raad by die vervulling van sy pligte mag strepe, woorde, tekens of advertensies op die oppervlak van 'n straat aanbring, merk, verf of skilder nie.

**18. Beskadiging van kennisgewingborde**

(1) Niemand mag 'n kennisgewingbord, padverkeersteken, straatnaambord of ander soortgelyke teken of 'n skutting wat deur of met die toestemming van die Raad in 'n straat opgerig is, ontsier of beskadig of hom op enige wyse daarmee bemoei nie.

(2) Indien die Raad 'n persoon identifiseer wat 'n kennisgewingbord, padverkeersteken, straatnaambord of ander soortgelyke teken of 'n skutting in 'n straat ontsier of beskadig het, kan die herstel- of vervangingskoste, soos deur die Raad vasgestel, op die oortreder verhaal word.

**19. Straat- en huis-tot-huiskollektes**

Niemand mag -

(a) in 'n straat geld insamel of probeer insamel of sodanige insameling organiseer of op enige wyse behulpsaam wees met die organisering daarvan nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad en behalwe in ooreenstemming met die voorwaardes deur die Raad gestel, of

(b) van huis tot huis kollekteer, bedel of aalmoese vra of invorder nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad**.**

**20. Uitgrawings in strate**

Niemand mag in 'n straat 'n uitgrawing maak of laat maak of 'n put, sloot of gat grawe of laat grawe nie -

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, en

(b) behalwe in ooreenstemming met die vereistes wat die Raad bepaal.

**21. Gif in strate**

Niemand behalwe 'n amptenaar van die Raad of 'n gemagtigde persoon wat wettig goedgekeurde onkruiddoders of gifstof toedien, mag gif in 'n straat plaas of gooi nie.

**22. Optogte**

(1) Behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, mag niemand in enige straat 'n optog, betoging, sportbyeenkoms of byeenkoms hou, organiseer, op tou sit of beheer of daadwerklik daaraan deelneem, of dans of sing of 'n musiekinstrument bespeel, of enigiets doen wat waarskynlik 'n byeenkoms van persone of 'n verwarring of versperring van verkeer in sodanige straat sal veroorsaak, of enige luidspreker of ander toestel vir die reproduksie of versterking van klank gebruik nie,

(2) Iedereen wat voornemens is om een of meer van die handelinge in subartikel (1) beskryf, in enige straat te verrig of uit te voer, moet 'n skriftelike aansoek om toestemming daartoe indien, wat die Raad moet bereik minstens veertien dae voor die datum waarop dit die voorneme is om een of meer van sodanige handelinge te verrig of uit te voer; met dien verstande dat persone wat voornemens is om daadwerklik aan 'n optog, betoging, sportbyeenkoms of byeenkoms in enige straat deel te neem, nie by die Raad om toestemming

daartoe aansoek hoef te doen nie en dit nie vir sodanige persone onwettig is om daadwerklik aan sodanige optog, betoging, sportbyeenkoms of byeenkoms deel te neem nie indien die organiseerder, ondernemer of beheerder daarvan die toestemming van die Raad verkry het. ‘n Aansoek wat hierkragtens gedoen word, moet die volgende bevat:

(a) volledige besonderhede van die naam, adres en beroep van die aansoeker;
(b) volledige besonderhede van die straat waar of roete waarlangs dit die voorneme is om een of meer van die handelinge beskryf in subartikel (1) te verrig of uit te voer, die voorgestelde aanvangs- en sluitingstyd van een of meer van voornoemde handelinge en, in die geval van optogte, betogings, sportbyeenkomste en byeenkomste, die getal persone wat na verwagting teenwoordig sal wees, en
(c) algemene besonderhede en die doel van een of meer van voornoemde handelinge wat dit die voorneme is om te verrig of uit te voer.

(3) Enige aansoek wat ooreenkomstig subartikel (2) ingedien word, moet deur die Raad oorweeg word, en indien een of meer handelinge wat verrig of uitgevoer gaan word soos in sodanige aansoek voorgestel, na die mening van die Raad waarskynlik nie in stryd met die belange van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees nie, kan die Raad toestemming verleen vir die verrigting of uitvoering van een of meer van sodanige handelinge, onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad nodig ag vir die handhawing van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid.

(4) Die Raad kan weier om toestemming te verleen vir die verrigting of uitvoering van een of meer van die handelinge wat in subartikel (1) beskryf word, indien die verrigting of uitvoering van sodanige handeling of handelinge na die mening van die Raad in stryd met die belange van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees.

(5) Die Raad kan enige toestemming wat kragtens subartikel (3) verleen is, terugtrek indien hy, as gevolg van nadere inligting, van mening is dat die verrigting of uitvoering van die betrokke handeling of handelinge in stryd met die belange van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees.

(6) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op godsdienstige byeenkomste, optogte vir huwelike of begrafnisse of enige aksie wat deur nasionale of provinsiale wetgewing reguleer word nie.

**23. Rolskaats en skaats op skaatsplanke in strate verbode**

Niemand mag, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad, met rolskaatse of ‘n skaatsplank of soortgelyke toestel in ‘n openbare parkeergebied of straat skaats nie..

**24. Persone moet behoorlik geklee wees**

Niemand mag op straat verskyn sonder om geklee te wees op ‘n wyse wat aan die eise van welvoeglikheid voldoen nie**.**

**25. Oorloop van water in strate**

Niemand mag water, behalwe reënwater of, met die toestemming van die Raad,

water afkomstig van 'n swembad, in 'n straat laat loop of toelaat dat dit daarin loop op so 'n wyse dat die straat beskadig word nie.

**26. Gedrag in strate**

(1) Niemand mag in 'n straat tot oorlas van ander persone slenter, staan, sit of lê nie.

(2) Niemand mag in `n straat of op `n openbare parkeerterrein sonder die toestemming van die Raad, en dan slegs in ooreenstemming met die voorwaardes wat die Raad stel, parkeerplekke aanwys nie.

(3) Niemand mag in 'n straat -

(a) skel-, beledigende, onwelvoeglike, dreigende of godslasterlike taal besig nie;
(b) baklei of oproerig optree nie;
(c) bedel of geld of bydraes van lede van die publiek vra nie;
(d) tot ergernis of ongemak van enige ander persoon skreeu, gil of enige lawaai op watter wyse ook al maak nie;
(e) urineer of ontlas nie behalwe in 'n sanitêre gerief wat deur die Raad vir sodanige doel voorsien en goedgekeur is;
(f) met die oog op prostitusie of onsedelikheid iemand aanspreek of lastig val nie;
(g) dobbelary beoefen nie;
(h) bedwelmende drank gebruik nie; of
(g) spuug nie.

**27. Wilde diere**

Geen eienaar of persoon wat beheer het oor 'n wilde of kwaai dier, aap of horingvee, mag toelaat dat dit te eniger tyd in 'n straat sonder voldoende toesig is of los rondloop, of mag sodanige dier op so 'n wyse aanhou dat dit gevaarlik of 'n ergernis vir die publiek kan wees nie.

**28. Vertoning van straatnommers van plekke**

Die Raad kan by skriftelike kennisgewing voorskryf dat 'n nommer wat deur die Raad aan 'n perseel toegeken is, op sodanige perseel vertoon moet word, en kan ook die posisie voorskryf waar dit vertoon moet word, en die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel moet binne 30 dae na die datum van sodanige kennisgewing die toegekende nommer op die perseel aanbring in ooreenstemming met sodanige kennisgewing.

**29. Brûe en oorgange oor vore en sypaadjies**

Geen private oorgang, voetpaadjie, brug of duiker mag na of voor 'n woning of ander perseel in 'n straat of op 'n openbare plek gemaak of gebou word nie -

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad, en

(b) behalwe in ooreenstemming met die vereistes wat die Raad bepaal.

**30. Beheer oor vermaaklikheidsvertonings en -toestelle**

(1) Niemand mag 'n sirkus, draaimeule of ander byvertoning of toestel vir die

vermaak of ontspanning van die publiek in 'n straat oprig of gebruik nie -

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad;
(b) behalwe in ooreenstemming met die voorwaardes wat die Raad stel;
(c) tensy geskikte sanitêre geriewe aldaar verskaf is, en
(d) as dit enigsins gevaarlik of onveilig vir die gebruik van die publiek is.

(2) 'n Gemagtigde amptenaar van die Raad of 'n lid van die polisiemag het vir inspeksiedoeleindes te alle redelike tye vrye toegang tot sodanige sirkus, draaimeule, mallemeule of ander byvertoning of toestel.

**31. Beheer oor voertuie wat deur diere getrek word**

Niemand mag -

(a) tegelykertyd meer as een voertuig wat deur diere getrek word, in 'n straat bestuur of beheer daaroor hê nie;
(b) 'n voertuig wat deur diere getrek word, in 'n straat bestuur of beheer daaroor hê nie as hy onder die ouderdom van 16 jaar is, of
(c) as hy in 'n straat beheer het oor 'n voertuig wat deur diere getrek word, iemand onder die ouderdom van 16 jaar toelaat om sodanige voertuig te bestuur of beheer daaroor te hê nie.

**32. Raad kan optree en koste verhaal**

(1) Ondanks enige andersluidende bepalings van hierdie verordening kan die Raad -

(a) waar die toestemming van die Raad benodig is alvorens 'n persoon 'n sekere daad mag verrig of iets mag bou of oprig, en sodanige toestemming nie verkry is nie, en
(b) waar enige bepaling van hierdie verordening oortree word in omstandighede waar die oortreding beëindig kan word deur die verwydering van enige struktuur, voorwerp, materiaal of stof,

'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar van die perseel of die oortreder, na gelang van die geval, beteken om sodanige oortreding te beëindig, of die struktuur, voorwerp, materiaal of stof te verwyder, of die ander stappe te doen wat die Raad vereis om sodanige oortreding reg te stel binne die tydperk in sodanige kennisgewing vermeld.

(2) Iedereen wat versuim om aan 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf, en die Raad kan, sonder inkorting van sy bevoegdhede om teen die oortreder op tree, die nodige stappe doen om op koste van die eienaar van die perseel of die oortreder, na gelang van die geval, uitvoering aan sodanige kennisgewing te gee.

**33. Behoud van regte**

Enige goedkeuring wat deur die Raad verleen is of enige ooreenkoms wat deur die Raad met enige persoon aangegaan is voordat hierdie verordening in werking getree het, en van toepassing is op die bepalings van hierdie verordening, word beskou asof dit ingevolge die bepalings van hierdie verordening verleen of aangegaan is.

**34. Strafbepaling**

Iedereen wat ‘n bepaling van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om aan `n lasgewing te voldoen wat regtens ingevolge die bepalings van hierdie verordening opgelê is, is skuldig aan `n misdryf.